

Die Suider-Afrikaanse Braaikuikenhandleiding



Jean A. Cilliers

Die Suider-Afrikaanse

Braaikuikenhandleiding

Jean A. Cilliers

Uitgewer: J.A.C.-Uitgewers
Posbus 3190
STANDERTON
2430

Eerste uitgawe:1995

ISBN 0-620-19182-1

Gedruk deur Promedia Drukkers, Pretoria

Handelsname: Waar handelsname gemeld word, dien sodanige melding geensins as aanbeveling nie en die versuim om sekere produkte te meld dien ook geensins as afkeuring van sodanige produk nie.

© Alle regte voorbehou. Geen gedeelte van hierdie publikasie, frase hierin vervat, foto of enige tekening mag sonder die skriftelike goedkeuring van die outeur gereproduseer word nie.

INHOUDSOPGAWE

VOORWOORD	vii
INLEIDING	1
1. PLAASLIGGING	3
1.1 Ligging met betrekking tot die mark.....	3
1.2 Voermaatskappy	4
1.3 Klimaat en hoogte bo seevlak	5
1.4 Watervoorsiening.....	6
1.5 Waterkwaliteit.....	7
1.6 Siekte oorwegings.....	8
1.7 Sekuriteit.....	8
2. PLAAS UITLEG	11
2.1 Huisplasing	11
2.2 Abattoir en verkoopareas.....	12
2.3 Mortaliteit.....	12
2.4 Sekuriteit en siektebeheer	13
2.5 Woonhuis.....	13
2.6 Voeraflewering.....	14
3. HUISONTWERP EN KLIMAATSBEHEER.....	18
3.1 Braaikuikenbehoefte.....	18
3.2 Behuisingstipes.....	20
3.3 Waaierbeheer en -plasing in kragventilasiehuise	33
3.4 Verhittingstelsels	35
3.5 Verkoelingsisteme.....	40
3.6 Beginsels van outomatiese beheer	43
3.7 Insulasie	44
3.8 Vloere.....	45
3.9 Voël- en knaagdierbeskerming	45
3.10 Deure	45
4. LOS TOERUSTING	47
4.1 Voerstelsels	47
4.2 Drinkstelsels.....	51

4.3	Vangtoerusting	54
4.4	Beligting	55
4.5	Weegtoerusting.....	55
4.6	Skoonmaak- en ontsmettoerusting.....	57
4.7	Ent- en dosseertoerusting	59
5.	DIE BRAAIKUIKENSIKLUS EN GROOTMAAKTEGNIKIE	60
5.1	Huisvoorbereiding	60
5.2	Kuikenplasing en -kwaliteit	61
5.3	Geslagsbepaling vir afsonderlike grootmaak.....	62
5.4	Broei-area	64
5.5	Vloerbedekking.....	66
5.6	Daaglikse voervoorsiening.....	68
5.7	Daaglikse watervoorsiening.....	69
5.8	Daaglikse temperatuur- en ventilasiebeheer.....	70
5.9	Beligting	74
5.10	Toetsweeg.....	75
5.11	Opsomming van daaglikse roetine.....	76
5.12	Hantering van hoenders voor slag	76
5.13	Was en ontsmet van huise	77
5.14	Faktore wat kwaliteit beïnvloed.....	81
5.15	Afvalhantering	82
6.	VOEDING	85
6.1	Voedingsfases	85
6.2	Voerformaat.....	86
6.3	Voertegnieke.....	87
6.4	Voerbyvoegings.....	88
6.5	Voermonsters	92
7.	BESTUURSASPEKTE	94
7.1	Produksiebeplanning.....	94
7.2	Rekordhouding	96
7.3	Koste berekening	100
8.	BRAAIKUIKENGESONDHEID	105
8.1	Algemene beginsels om siektes te voorkom	105
8.2	Anatomie van die braaikuiken	111

8.3	Braaikuikensiektes.....	112
	Koksidiose	113
	Gumborosiekte	117
	Newcastlesiekte.....	121
	Waterpens	127
	Kolibasillose en die asemhalingsiektekompleks	130
	Aspergillose.....	135
	Dooiersakbesmetting en naelstringontsteking	136
	Oorsake van vrektes in kuikens jonger as 10 dae.....	138
	Salmonella enteriditis.....	139
	Vitamientekorte.....	141
	Beenprobleme	141
8.4	Eise vir skadevergoeding.....	142
9.	DIE SLAGPROSES.....	144
9.1	Die basiese slagproses.....	144
9.2	Die uitleg en bou van die abattoir.....	150
9.3	Kwaliteitsversekering	152
9.4	Wette, regulasies en ander belangrike dokumente	155
AANHANGSEL A:	TABELLE.....	156
	Aanbevole temperature.....	156
	Waterverbruik.....	157
	Teikenmassas en verwagte voerinnome.....	158
ERKENNINGS	159

LYS VAN SIEKTES

Koksidiose.....	113
Gumborosiekte.....	117
Newcastlesiekte	121
Waterpens.....	127
Kolibasillose en die asemhalingsiektekompleks.....	130
Aspergillose	135
Dooiersakbesmetting en naelstringontsteking	136
Oorsake van vrektes in kuikens jonger as 10 dae	138
Salmonella enteriditis.....	139
Vitamientekorte	141
Beenprobleme.....	141

VOORWOORD

Daar is ooreenstemming tussen braaikuikenproduksie in Suider-Afrika en dié in Europa en die V.S.A., maar daar is omtrent net soveel verskille as ooreenstemmings. Die grootste verskille lê in die klimaat wat baie droër is en die hoogte bo seespieël, wat vir 'n groot area, hoër is. Vir die produsent aan die suidpunt van Afrika was daar tot op hede weinig keuse as om te begin met 'n handleiding wat vir Europese omstandighede geskryf is en dan verder deur probeer en fouteer maar sy pad oop te veg.

Die doel van hierdie handleiding is om die boer wat al 'n geruime tyd met braaikuikens boer sowel as die beginner te adviseer ten opsigte van die aspekte wat eie is aan die plaaslike omstandighede. Behalwe vir hierdie spesifiek plaaslike inligting is die verdere doel om die algemene grootmaakbeginsels binne bereik van die boer te plaas.

Baie van die inligting in hierdie boek het proefondervindelik in my werksituasie na vore gekom. In hierdie opsig moet ek my kollegas en veral die kontrakgroeiërs by Earlybird Farm (Edms) Bpk bedank vir die ondervinding opgedoen. Alhoewel niemand ooit as 'n hoë risiko proefkonyn gebruik is nie, was daar dikwels 'n duur prys betaal voordat gesien is dat wat in Nederland, Duitsland of ander oorsese lande werk, nie noodwendig hier geld nie.

Ek bedank graag my vader, mnr. H.S. Cilliers, sowel as my goeie vriend, Adriaan Louw, spesifiek vir hul ondersteuning en kritiek t.o.v. die ingenieursaspekte wat in die boek na vore kom. Elize Strydom het aandag gegee aan die korrekte benamings van wette wat gemeld word.

Prof. Tubby Veary het die hoofstuk oor abattoirs nagegaan. Hy is 'n besonder hoogaangeskrewe kenner op hierdie gebied en ek bedank hom vir sy tyd en insette ten opsigte van die betrokke hoofstuk. Die styl van aanbieding van die betrokke hoofstuk is deur hom aanbeveel.

'n Spesifieke woord van dank aan my werkgewer, Earlybird Farm (Edms)Bpk, wat my toegelaat het om hierdie boek te produseer. Dr. Fanie Buys, van dieselfde maatskappy, het ook gehelp met die finale redigering.

Prof. Lionel Abrams se kritiek en voorstelle was van onskatbare waarde. Dit is ook hy wat my die eerste grondbeginsels van braaikuikenboerdery en -gesondheid geleer het. Boeke word dikwels aan 'n persoon of persone opgedra; wat dit presies beteken is vir my onduidelik. Maar ek wil graag hiermee spesifiek erkenning gee aan prof. Abrams. Hoeveel van die pluimveekundiges in Suid-Afrika is nie hulle basiese kennis aan hom verksuldig nie?

'n Skrywer kan kundige advies oor sy werk inroep, maar aan die einde van die dag besluit hy self wat in sy werk gepubliseer word. Daarom bly enige foute of onduidelikhede wat in hierdie boek mag voorkom, my verantwoordelikheid.

J.A. Cilliers
Maart 1995

INLEIDING

Braaikuikenproduksie is wêreldwyd 'n belangrike boerdery bedryf. Hierdie belang is nie bloot beperk tot die produksie van proteïen vir menslike verbruik nie, maar hou ook verband met die rou-materiale wat deur hierdie bedryf verbruik word. Daar word huidiglik ongeveer 8 tot 9 miljoen braaikuikens per week in Suid-Afrika geproduseer. Die weeklikse voerverbruik van hierdie braaikuikens beloop ongeveer 29 400 ton waarvan naasteby 70% uit mielies bestaan. Behalwe die mielies word daar ook 'n verskeidenheid nuwe-produkte van ander bedrywe verbruik bv. oliekoek vanaf fabriek wat plantolies produseer.

Die totale produksie van braaikuikenvleis gedurende 1994 in sommige Suider-Afrikaanse lande was as volg:

Land	Aantal ton geproduseer
R.S.A.	483 000
Zimbabwe	17 000
Botswana	2 000
Namibië	100
Lesotho	1 000

'n Hele aantal eienskappe maak van braaikuikenboerdery 'n aanloklike bedryf. Die doeltreffendheid waarmee 'n dier voer na vleis omskakel word genoem sy voeromsettingsfaktor. In hierdie opsig presteer braaikuikens op 'n kommersiële basis baie beter as die soogdierspesies. Die intensiewe aard van die bedryf het ook tot gevolg dat 'n hoë produksie van 'n klein area gelewer kan word. Die finansiële omset is ook vinnig. Vandat die dagoud kuikens geplaas is totdat 'n inkomste verkry word kan so kort as 7 tot 9 weke wees. Die bemarking van braaikuikens geskied onder vrye mark beginsels met geen beheerrade wat 'n direkte effek op prys of produksievolume probeer uitoefen nie. 'n Voornemende produsent kan ook redelik klein begin en sy onderneming oor 'n verloop van tyd laat groei tot 'n grootte wat hy voel hy kan hanteer.

¹SA *Pluimvee Bulletin* – Persoonlike kommunikasie met redaksie.

Al hierdie gunstige faktore maak dat talle mense al probeer het om met braaikuikens te boer. Sommiges het 'n sukses daarvan gemaak terwyl ander meer probleme teengekom het as wat hulle voorsien het. Dit verg 'n baie hoë vlak van aandag en 'n deeglike tegniese agtergrond om goeie gehalte markgereed braaikuikens te lewer. Swak besluite in verband met huiskonstruksie kan produksie van meet af aan benadeel. Indien die grootmaaktegnieke nie behoorlik uitgevoer word nie, of toerusting swak bestuur word, of personeel is nie behoorlik opgelei nie sal dit 'n soortgelyke nadelige effek hê.

Vanweë die vrye bemarkingstelsel wat toegepas word is die bedryf baie kompetend. Die hoogste vlak van aandag moet van voor plasing, deur die grootmaakperiode tot by die bemarkingstadium gegee word indien iemand 'n sukses van 'n braaikuiken onderneming wil maak.

Die doel van hierdie handleiding is om aan die leser 'n goeie agtergrond te gee tot die grootmaak van braaikuikens onder Suider-Afrikaanse toestande. Die bedryf is egter nie staties nie en 'n suksesvolle produsent sal op hoogte moet bly met die nuutste ontwikkelinge in die bedryf. Lees dus so veel as moontlik oor nuwe ontwikkelinge maar pas hierdie nuwighede met groot omsigtigheid toe!